

DIE BOEK OPENBARING

Hoofstuk 14

Inleiding

Kry eers weer bietjie die verloop van die Openbaring mooi agtermekaar, sodat ons 'n mooi geheelbeeld daarvan kan kry:

- In **hoofstuk 6** is die oorwinning van die evangelie geteken. Daarmee saam ook al die dinge wat die evangelie gaan teëstaan en die gelowiges wat in groot getalle doodgemaak gaan word tot met die einde van die aarde.
- In **hoofstuk 7** word al die uitverkorenes verseël voordat die oordele van die Here oor die verwerpers van die evangelie kom.
 - Uiteindelik laat die Here ons hierdie juigende skare sien waar hulle voor sy troon staan.
 - Juis omdat hulle vooraf deur God gemerk is, het nie 'n enkele een van hulle verlore gegaan (weggeraak/uitgeval) in die eindoordeel nie!
- **Hoofstuk 8 en 9** openbaar die Here se straffende geregtigheid wat oor die aarde en alle wesens voltrek word (waartydens geen gelowige uitverkorene verlore gaan nie omdat hulle gemerk is).
- Die Here openbaar daarna in **hoofstuk 10** dat daar nog meer oordele gaan kom as dié wat in hoofstuk 8 en 9 beskryf is.
- Daarna openbaar die Here in hoofstuk 11 die verdrukking en vervolging wat so erg raak op die kerk dat dit uiteindelik lyk asof die kerk en alle gelowiges heeltmal uitgeroei is.
- Die wortel en die wese van hierdie wêreldwye verwerping van die evangelie word in **hoofstuk 12 en 13** deur die Here geopenbaar.
 - In wese is dit 'n stryd wat die satan en sy klomp geeste uit die hel uit voer teen die Here Jesus Christus en teen sy kerk.
 - Anders gestel: Dis 'n geveg wat die duiwel teen God en alles wat syne is aan die gang het.
 - Die wapens waarvan die duiwel gebruik maak, is:
 - wêreldheersers en gesagstrukture; en
 - daarmee saam valse profete en die wetenskap wat hy verbuigd aanwend.
- Daarna kom hoofstuk 14 wat weer aansluit by hoofstuk 7.

Hoofstuk 14 word in drie dele verdeel:

- Die eerste deel laat ons vooruit sien wat in die hemel aan die gebeur is wanneer die ewige hiernamaals vir ons begin.
 - Die Here openbaar dat die wêreld en sy geskiedenis uitgeloop het en dat die uitverkorenes van die Here die volle saligheid saam met en by die Here Jesus geniet.
- Die tweede gedeelte neem ons terug in die aardse tyd direk voor die wederkoms.
 - Die Here openbaar dat daar selfs dan nog oproepe sal uitgaan na al die mense op die aarde toe dat hulle hulle moet bekeer.
- Die derde gedeelte openbaar die eindoordeel aan die hand van twee verskillende soorte oeste:
 - Die insameling van die uitverkorenes word uitgebeeld deur 'n koringoes wat ingesamel word.
 - Die klomp wat in die hel gegooi word en die verskriklikheid daarvan word uitgebeeld deur 'n druiwe-oes en die parskuip.

Vers 1

En ek het gesien, en kyk, die Lam staan op die berg Sion, en saam met Hom honderd vier en veertig duisend met sy Naam en die Naam van sy Vader op hulle voorhoofde geskrywe.
(Openbaring 14:1 AFR1953)

In hoofstuk 7 word die uitverkorenes van die Here verseël sodat hulle nie verlore sal gaan nie.

In hoofstuk 14 sien ons dat hulle inderdaad nie verlore gegaan het nie!

- Al die oordele en die wêreldgeskiedenis is afgehandel.
- Daar is almal van hulle in die hiernamaals in die koninkryk van God!

Die openbaring maak dit heeltemal duidelik:

- Hierdie gereddes is almal deur die Here Jesus beveilig en gered.
- Onbetwyfelbaar is dit die 144 000 waarna hoofstuk 7 verwys.

Die openbaring het net verdiep. Let op die volgende:

- In hoofstuk 7 word hulle verseël
- In Hoofstuk 14 dra hulle die naam van die Here Jesus Christus en die Naam van sy Vader op hulle voorkoppe.

In hoofstuk 7 is hulle

- die uitverkorenes wat deur die Lam gekoop is; en
- hulle is deel van 'n skare wat niemand kan tel nie.

Ná hierdie dinge het ek gesien, en kyk, daar was 'n groot menigte wat niemand kon tel nie, uit alle nasies en stamme en volke en tale; hulle het gestaan voor die troon en voor die Lam, bekleed met wit klere en met palmtakke in hulle hande;
(Openbaring 7:9 AFR1953)

In hoofstuk 14

- Nou staan hulle saam met die Lam op die berg!
...kyk, die Lam staan op die berg Sion, en saam met Hom honderd vier en veertig duisend (Openbaring 14:1 AFR1953)

Die Sionsberg het verskillende betekenis wat almal die heiligheid van God gemeen het met mekaar.

- Dis die plek waar God bly:

Uit Sion, die volkomenheid van skoonheid, verskyn God in ligglans.
(Psalm 50:2 AFR1953)

Ek tog het my Koning gesalf oor Sion, my heilige berg. (Psalm 2:6 AFR1953)

- Die Sionsberg is die simbool van vastheid en veiligheid:

'n Bedevaartslied. Die wat op die HERE vertrou, is soos die berg Sion wat nie wankel nie, maar bly tot in ewigheid. (Psalm 125:1 AFR1953)

Dan sal Ek die wat kreupel was, tot 'n oorblyfsel maak en wat ver verwyder was, tot 'n magtige nasie. En die HERE sal koning wees oor hulle op die berg Sion, van nou af tot in ewigheid. (Miga 4:7 AFR1953)

daarom, so sê die Here HERE: Kyk, Ek lê in Sion 'n grondsteen, 'n beproefde steen, 'n kosbare hoeksteen wat vas gegrondevs is; hy wat glo, sal nie haastig wees nie.
(Jesaja 28:16 AFR1953)

Maar vir Sion kom Hy as Verlosser en vir die wat in Jakob hulle bekeer van oortreding, spreek die HERE. (Jesaja 59:20 AFR1953)

Laat die berg Sion bly wees, laat die dogters van Juda juig oor u oordele. Gaan rondom Sion, trek daaromheen, tel sy torings; let op sy skanse, wandel deur sy paleise, sodat julle dit aan die volgende geslag kan vertel, dat hierdie God onse God is, vir ewig en altyd; Hy sal ons lei tot die dood toe. (Psalm 48:12-15 AFR1953)

Meteens is die tafereel heeltemal anders as wat die openbaring van hoofstuk 13 was.

- Niemand word meer vervolg nie!
- Almal is openlik saam met die Here – niemand kruip meer weg nie!
- Almal is oorwinnaars! In die vorige hoofstuk was hulle veroordeeldes en vermoordes.

Waar hulle tydens die aardse lewe beletsel was met sonde en bloed, is hulle nou algehele uitstralers van God se heerlikheid.

Hulle het hulle in die wêreld nie vir God en sy Naam geskaam nie. Hulle het vir Hom gely en is vir Hom doodgemaak.

Nou verheerlik God hulle!

- Hulle mag nou tot in alle ewigheid naby die Lam wees en bestaan.
- Hulle aardse getuïenis word nou nog meer openlik gemaak – hulle kry die fisiese merkteken van God op hulle voorkoppe.

Vers 2

En ek het 'n geluid uit die hemel gehoor soos die geluid van baie waters en soos die geluid van 'n harde donderslag, en ek het die geluid gehoor van sitiespelers wat speel op hulle sities. (Openbaring 14:2 AFR1953)

Daar is iets opvallends in hierdie teksvers:

- Johannes is nie in die hemel nie, want hy hoor die geweldige koorsang **uit die hemel** na hom toe aankom!
- Hy staan dus op die aarde toe die openbaring aan die gang was!

Die krag van die klank van hierdie koor is geweldig, want hy beskryf dit met twee beelde:

- Baie waters (wat soos byvoorbeeld 'n waterval oor 'n reuse-afgrond stort). Vergelyk hiervoor Openbaring 1:15:

...en sy voete soos blink koper wat gloei soos in 'n oond, en sy stem soos die stem van baie waters. (Openbaring 1:15 AFR1953)

- Terselfdertyd was die klank so geweldig soos 'n harde donderslag wat dreun en aanhou rammel! Vergelyk hiervoor Openbaring 6:1:

En ek het gesien toe die Lam een van die seëls oopmaak; en ek het een van die vier lewende wesens hoor sê, soos die geluid van 'n donderslag: Kom kyk!
(Openbaring 6:1 AFR1953)

Die sang was dus soos golwe wat breek en soos donderweer – met ander woorde dit was majestueus, indrukwekkend, Godsverheerlikend!

- Die beeld wil dus sê dat dit absoluut oorweldigende koorsang was!
- Dit was so geweldig dat dit uit die hemel tot op die aarde gehoor kon word.

Hoe groot is die koor?

- Daar is baie sangers – 144 000 (simbolies bereken!).
- Hulle almal sing uit volle bors en met volle krag (nie soos sommige van ons gemeentede met toe monde en 'n toe psalmboek nie!).
- Hulle het 'n orkes wat hulle begelei! Daar is sitterspelers. Daar moes baie sitterspelers gewees het om hulle hoorbaar te maak bo al die miljoene mense se stemme uit!

So 'n onderbreking:

Wat is 'n siter?

- Die instrument word in die Hebreeuse Bybel 'n **kinnôr** genoem. Dit word met **harp** vertaal.
- Dieselfde instrument word in Aramees 'n **qitrôs** genoem.
- Dis van hierdie woord wat ons woord **siter** en ook die woord **kitaar** afgelei is.

'n Harp en 'n siter is dus dieselfde musiekinstrument. Dis die oudste musiekinstrument wat ons in die Bybel ken. Ons lees die eerste keer daarvan in Genesis 4:21:

Die naam van sy broer was Jubal. Hy was die vader van almal wat op sitters en fluite speel. (AFR1953)

Dit was die instrument waarop Dawid ook gespeel het.

En net wanneer daar 'n gees van God oor Saul kom, neem Dawid die siter en speel met sy hand; dan voel Saul verlig en word beter, en die bose gees wyk van hom. (1 Samuel 16:23 AFR1953)

Hoe het hierdie instrument gelyk?

- Dit was 'n snaarinstrument.
- Dit was ook 'n houtinstrument.

Salomo het dit van sandelhout laat maak.

En van die sandelhout het die koning trapeunings gemaak vir die huis van die HERE en die huis van die koning, en sitters en harpe vir die sangers; so het daar geen sandelhout ingekom en is daar nie gesien tot vandag toe nie. (1 Konings 10:12 AFR1953)

Die een waarop Dawid gespeel het, was van sipreshout gemaak.

En Dawid en die hele huis van Israel het voor die aangesig van die HERE gespeel met allerhande instrumente van sipreshout, naamlik met sitters en harpe en tamboeryne, en bekkens en simbale. (2 Samuel 6:5 AFR1953)

Dit het waarskynlik agt of tien snare gehad (dis onseker):

- Josephus skryf dat dit tien snare gehad het.
- Moontlik was daar een tipe wat agt snare gehad het – dan was dit gebruik as 'n basinstrument soos in 1 Kronieke 15:21:
en Mattitja en Eliféle en Miknéja en Obed-Edom en Jeï-el en Asásja met sitters om in die bas leiding te gee. (AFR1953)

Vers 3

En hulle het 'n nuwe lied gesing voor die troon en voor die vier lewende wesens en die ouderlinge; en niemand kon die lied leer nie, behalwe die honderd vier en veertig duisend wat van die aarde vrygekoop is. (Openbaring 14:3 AFR1953)

Hulle het 'n nuwe lied gesing.

- Alles in die hemel is nuut! Daar bly nie iets van hierdie sondige en besmette wêreld oor nie!
- Ons het tevore ook al met 'n nuwe lied kennis gemaak:

Toe sing hulle 'n nuwe lied en sê: U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers. (Openbaring 5:9, 10 AFR1953)

Die Bybel sê niks meer van die nuwe lied wat deur die 144 000 gesing word nie.

- Ons lei egter uit die res van hierdie openbaring af dat dit 'n lied moet wees waarin alle dank en lof en eer aan God die Vader en die Lam wat hulle verlos het, uitgesing word.
- Almal wat daar saam is, is juis tydens hulle aardse lewe uit 'n nag van vervolging en moord gered – sodat hulle nou vir ewig naby die Lam mag wees!

Die eerste dinge wat geopenbaar is, moet alles nou hierby gedink en onthou word. Byvoorbeeld, hoe dit daar voor die troon van God lyk:

Ná hierdie dinge het ek gesien kyk, 'n geopende deur in die hemel, en die eerste stem wat ek soos 'n basuin met my hoor spreek het, het gesê: Kom op hierheen, en Ek sal jou toon wat ná hierdie dinge moet gebeur. En dadelik was ek in die Gees, en kyk, daar staan 'n troon in die hemel en Een sit op die troon. En Hy wat daarop sit, het in sy voorkoms gelyk soos die steen jaspis en sardius; en rondom die troon was 'n reënboog wat in sy voorkoms gelyk het soos 'n smarag. En rondom die troon was daar vier en twintig trone, en op die trone het ek die vier en twintig ouderlinge sien sit, bekleed met wit klere; en hulle het goue krone op hulle hoofde gehad. En daar het weerligte en donderslae en stemme uit die troon uitgegaan, en sewe vuurfakkels wat die sewe Geeste van God is, het voor die troon gebrand; en voor die troon was daar 'n see van glas soos kristal, en in die middel van die troon en rondom die troon vier lewende wesens vol oë van voor en van agter.
(Openbaring 4:1-6 AFR1953)

Hierdie koor van 144 000 mense sing dus voor en saam met die volle prosesie wat altyd daar voor die troon van God is!

- Dink net wie is almal daar bymekaar!
- Met God se heerlijkheid en die verteenwoordigers almal saam is dit verstommend – onverstaanbaar groots!

Hierdie nuwe lied het 'n bepaalde ewigheidseienskap in hom.

- Slegs mense wat deel is van die ewige saligheid kan die lied memoriseer.
- Niemand wat nie gemerk/verseël (= uitverkies) is, kan dit aanleer nie.
- Hulle word nog nader gekwalifiseer: Hulle is losgekoop/vrygekoop van die aarde af.

Vraag: *Bedoel die Here dat daar tog mense (verlorenes?) was wat dit probeer aanleer het?*

Let op dat die woord *aarde* gebruik word en nie *wêreld* nie.

- Die rede is dat die woord *wêreld* eintlik alles wat tydens die aardse bestaan teen die Here ingaan, daardeur aangedui word.
- Dus alles wat verkeerd, lelik en sondig is.

Die woord *aarde* beteken iets heeltemal anders!

- Dit beteken dat hulle al deur die Lam (die Here Jesus Christus) vrygekoop is toe hulle nog gelewe het.
- Toe hulle nog op die aarde was, is hulle al vrygemaak deur sy bloed.

Hulle bande met die aarde is toe deurgesny.

- Met ander woorde hulle bande is toe al gesmee vir die nuwe aarde – sodat hulle saam met die Lam op die berg Sion sal wees.
- Dit beteken ook dat hulle alle aardse dinge losgelaat en prysgegee het om vir die Here te lewe.

Vrygekoop beteken dat die Lam hulle sondestraf gedra en betaal het.

Dink hier aan die opdrag wat die Here by die skepping aan ons gegee het. Dit het ons totaal aan die aarde gebind:

En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape. En God het hulle geseën, en God het vir hulle gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip. Verder het God gesê: Ek gee nou aan julle al die plante wat saad gee, wat op die hele aarde is, en al die bome

waar boomvrugte aan is, wat saad dra. Dit sal julle voedsel wees.

(Matteus 19:27-29 AFR1953)

In die Nuwe Testament is daar die eis dat hierdie dinge ons nie so moet bind dat dit ons van die Here vervreem nie.

Wie vader of moeder bo My liefhet, is My nie waardig nie; en wie seun of dogter bo My liefhet, is My nie waardig nie. En wie sy kruis nie neem en agter My volg nie, is My nie waardig nie. Wie sy lewe vind, sal dit verloor; en wie sy lewe verloor om My ontwil, sal dit vind. (Matteus 10:37-39 AFR1953)

Geen mens is uit homself bekwaam om so gelowig te wees soos wat die Here hier eis nie. Daarom doen Hy dit vir ons. Hy maak ons waardig en stel ons in staat om vir Hom te kan leef en getuig en om by Hom op die Sionsberg te eindig.

Dit kom na vore in twee sake:

- Eerste uit die feit dat ons saam met die Lam is – Hy versamel ons by Hom.
- Tweedens kom dit uit in die woorde: **vrygekoop is.**

Vers 4 en 5

Dit is hulle wat hulself met vroue nie besoedel het nie, want hulle is maagdelik rein; dit is hulle wat die Lam volg waar Hy ook heengaan; dit is hulle wat gekoop is uit die mense as eerstelinge vir God en die Lam.

En in hulle mond is daar geen bedrog gevind nie; want hulle is sonder gebrek voor die troon van God. (Openbaring 14:4, 5 AFR1953)

Wat bedoel die Here met die woorde: **vrygekoop van die aarde?**

Die Here se antwoord is eerstens:

Dit is hulle wat hulself met vroue nie besoedel het nie, want hulle is maagdelik rein;

- Die woord *maagd* is 'n woord wat vir jong meisies gebruik word, maar dit word ook van mans gebruik wat hulle kan gedra.
- Die feit dat die woord *maagd* – letterlik bedoel en simbolies bedoel – gebruik word, dui waarskynlik daarop dat die Here van gelowige manne en vroue praat.
- Daar staan dus nie net mans rondom die Here nie – alle uitverkore mans en vroue is daar.

Die woord bedoel egter nie dat dit net mans is wat ongetroud is nie

- As dit die geval sou wees, sou die Bybel ongetroude lewe voorstel as iets wat hoër is as getroude lewe.
- Die Here se opdrag is inderdaad presies die teenoorgestelde: 'n Man moet trou en sy ouerhuis verlaat en sy vrou aanhang (aankleef!).
- Die Here praat hier ook nie van die mense na wie Hy verwys in Matteus 19:12 nie:

Want daar is persone wat onbekwaam is om te trou, wat van die moederskoot af so gebore is, en daar is persone wat deur die mense onbekwaam gemaak is, en daar is persone wat hulleself onbekwaam gemaak het ter wille van die koninkryk van die hemele. (Matteus 19:12 AFR1953)

Hierdie woord *maagd* soos dit gebruik word in Openbaring 14:4,5 bedoel dat hierdie mense rein is voor die Here omdat hulle hulle nie opgehou het met hoerery nie.

Skrifverklaarders voer die verklaring van *maagd* nog verder:

- Dit sluit ook geestelike hoerery in!

- Dit beteken dat hierdie mense hulle ook nie laat insleep het in allerhande godsdienste waar die Woord van God en die Here Jesus Christus onder verdenking geplaas word nie.

Voorbeelde waar die Here geloofsverdwaaaldheid en verkeerde godsdienstige hoerery noem, is die volgende:

Twis met julle moeder, twis; want sy is nie my vrou nie, en Ek is nie haar man nie, en laat sy haar hoerery van haar aangesig verwyder en haar owerspel van haar borste af weg. Anders sal Ek haar naak uittrek en haar neersit soos op die dag van haar geboorte en haar maak soos 'n woestyn, ja, haar stel soos 'n dor land en haar van dors laat sterwe. En Ek sal My oor haar kinders nie ontferm nie, want hulle is kinders uit hoerery gebore. Want hulle moeder het in ontug gelewe, sy wat met hulle swanger was, het skandelijke dinge gedoen; want sy het gesê: Ek wil my minnaars agternaaloo wat my brood en my water, my wol en my vlas, my olie en my drank gee. (Hosea 2:1-4 AFR1953)

en

Hy sê: As 'n man sy vrou verstoot, en sy gaan van hom af weg en word 'n ander man s'n, kan hy dan nog na haar teruggaan? Sal daardie land nie skandelik onheilig word nie? En jy het met baie minnaars gehoereer en wil na My terugkom, spreek die HERE!
(Jeremia 3:1 AFR1953)

en

En een van die sewe engele met die sewe skale het gekom en met my gespreek en vir my gesê: Kom hierheen, ek sal jou toon die oordeel van die groot hoer wat op die baie waters sit, met wie die konings van die aarde gehoereer het, en die bewoners van die aarde het dronk geword van die wyn van haar hoerery. En hy het my in die gees weggevoer na 'n woestyn, en ek het 'n vrou sien sit op 'n skarlakenrooi dier, vol godslasterlike name, met sewe koppe en tien horings. (Openbaring 17:1-3 AFR1953)

Die openbaring trek in hierdie verse die lyn deur van ons aardse lewe af na die hiernamaalse lewe toe.

dit is hulle wat die Lam volg waar Hy ook heengaan; (Openbaring 14:4 AFR1953)

Die 144 000 verseëldes doen in die hemel presies wat hulle op die aarde ook gedoen het!

- Op die aarde het hulle alles wat aards en wêreldse was, versaaak om die Here se wil gehoorsaam te wees – hulle het die Here dus ten volle gevolg.
- In die hemel doen hulle presies dieselfde: hulle volg die Lam waar Hy ook al gaan!
- Op die aarde was hulle rein.
- In die hemel is hulle voltyds deel van die erestoet.
- Op die aarde is hulle gekoop uit die mensdom.
- In die hemel is hulle die eerstelinge van die oes genoem. Vergelyk daarvoor die volgende:

Eerstelinge van die oes:

...verder die fees van die oes, van die eerstelinge van jou werk, van wat jy op die land saai; en ook die fees van die insameling aan die einde van die jaar as jy jou werk uit die land insamel. (Eksodus 23:16 AFR1953)

Eerstelinge van mense:

Die offer uit jou volle opbrings en jou parskuip mag jy nie terughou nie. Die eersgeborene van jou seuns moet jy aan My gee. (Eksodus 22:29 AFR1953)

Die Here Jesus word die Eerstelinge genoem (in verband met die opstanding!):

Maar nou, Christus is opgewek uit die dode; Hy het die eersteling geword van die wat ontslaap het. Want aangesien die dood deur 'n mens is, is die opstanding van die dode ook deur 'n mens. Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word; maar elkeen in sy eie orde: as eersteling Christus, daarna die wat aan Christus behoort by sy koms. (1 Korintiërs 15:20-23 AFR1953)

Die uitstorting van die Heilige Gees sluit hierby aan! Die eerste bekeerdes (eerste christelike gemeente) is die eerstelingbrode wat na die tempel toe gebring is!

Let wel:

Hierdie mense was nie tydens hulle aardse lewe sondeloos nie! Die bloed van die Lam wat hulle vrygekoop het, maak hulle rein van hulle sondes.

Toe sing hulle 'n nuwe lied en sê: U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers. (Openbaring 5:9, 10 AFR1953)

En ek sê vir hom: My heer, u weet dit. En hy sê vir my: Dit is hulle wat uit die groot verdrukking kom, en hulle het hul klere gewas en hul klere wit gemaak in die bloed van die Lam. Daarom is hulle voor die troon van God en dien Hom dag en nag in sy tempel; en Hy wat op die troon sit, sal sy tent oor hulle oopspan. (Openbaring 7:14,15 AFR1953)

Op die aarde het hulle net die Here van harte gedien en opreg – sonder sielsverdeeldheid (nie met een voet agter die Here aan en met die ander voet agter ander dinge aan nie!). Vergelyk hiervoor:

Reine en onbesmette godsdienst voor God en die Vader is dít: om wese en weduwees in hulle verdrukking te besoek en jouself vlekkeloos te bewaar van die wêreld.

(Jakobus 1:27 AFR1953)

Terwyl ons dan hierdie beloftes het, geliefdes, laat ons ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig, en laat ons die heiligmaking in die vrees van God volbring. (2 Korintiërs 7:1 AFR1953)

Vers 6, 7

En ek het 'n ander engel in die middel van die lug sien vlieg met 'n ewige evangelie om te verkondig aan die bewoners van die aarde en aan alle nasies en stamme en tale en volke. En hy het met 'n groot stem gesê: Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van sy oordeel het gekom; en aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het. (Openbaring 14:6-7 AFR1953)

Vers 6-11 vorm 'n eenheid.

- Van die gesig van die hemelkoor af word die openbaring teruggeskuif na die dinge toe wat nog hier op die aarde moet gebeur.
- Die dinge wat nog hier moet gebeur, word aangebied in drie waarskuwings – drie waarskuwings wat al drie oproep tot bekering.

Daar is drie engele.

- Elke engel het 'n ander boodskap.
- Maar die doel van elke boodskap is dieselfde.

Al drie die engele kondig die koms van die Here aan – en daarmee saam die ewige oordeel!

Die eerste engel:

- Die eerste engel vlieg en terwyl hy vlieg, verkondig hy 'n ewige evangelie.
- Ewige evangelie beteken dat sy boodskap nooit verouder of verander nie – dis tydloos.

- Dis 'n boodskap wat ewige seën belowe aan **die bewoners van die aarde en aan alle nasies en stamme en tale en volke**.
- Die boodskap is dus gerig aan die hele mensheid.

Die woorde **bewoners van die aarde** sinspeel daarop dat die mense rustig en sorgvry lewe.

- *Dis mense wat hulle net oor aardse dinge bekommer.*
- *Die hemelse dinge is nie (meer?) binne hulle gesigsveld nie.*

Die engel roep hulle toe dat hulle God moet vrees en aan Hom alle heerlijkheid gee.

- Dit beteken dat die aardbewoners net een God moet aanbid – die Here.
- Hy alleen moet alle aanbedding en verheerliking kry.

Die engel se boodskap is dus 'n sterk oproep wat in die eindtye na die hele mensdom toe uitgaan.

Vraag: Is hierdie gebeurtenis dieselfde as dié waarna Openbaring 11:13 verwys?

En in dié uur het daar 'n groot aardbewing gekom, en 'n tiende van die stad het geval, en sewe duisend mense het in die aardbewing omgekom, en die ander het bevrees geword en aan die God van die hemel heerlijkheid toegebring. (Openbaring 11:13 AFR1953)

Die antwoord is: Nee!

Die inhoud van die ewige evangelie word in vers 7 gestel:

- Die engel roep met 'n baie harde stem – dit beteken dat alle mense hierdie oproep sal hoor!
- Die aardbewoners wat hier aangespreek word, het:
 - nagelaat om die Here te dien;
 - hulle het God onteer en gesmaad met hulle ongehoorsaamheid en verset teen Hom en sy Woord; en
 - hulle het God se bestaan ontken (en geweier om die gelowiges se lyke te begrawe; en vir mekaar geskenke gestuur omdat die kerk volgens hulle uitgeroei was! – Hoofstuk 11).

Nou kom hulle in die oordeel van God self! Let op hoe groot is God se genade!

- Hy roep hulle nog weer op om tot bekering te kom.
- God se eerste doelwit is nie om mense te verpletter met sy oordeel nie! Hy wil red! Daarom die oproep tot bekering.

Wat hierdie oproep so bitterlik ernstig maak, is dat ons weet dat hierdie bekeringsoproep uitgaan in 'n tyd waarin die vrees vir God en sy diens al heeltemal onder die mense verdwyn het. Vergelyk daarvoor hoofstuk 11 en 13.

Hierdie engel is 'n boodskapper (herout) wat die koms van die Koning vooraf aankondig. Die onderdane moet hulle voorberei – die Koning is op pad.

Vrees God en gee Hom heerlijkheid, want die uur van sy oordeel het gekom;
(Openbaring 14:7 AFR1953)

Die Here Jesus het van hierdie oomblik gesê:

Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deursteeke het; en al die geslagte van die aarde sal oor Hom rou bedryf; ja, amen! (Openbaring 1:7 AFR1953)

Die engel se woorde – **aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het** – is om aan te dui hoe groot, magtig en wys God is.

Die logiese gevolgtrekking is dat die Here die eindoordeel met dieselfde oontstaanbare mag gaan uitoefen.

- Die punt is net dat die spul ongehoorsames dan ook almal gaan agterkom dat hulle glad nie so wonderlik en magtig is nie.
- Hulle is almal skepsele wat in hulle mag bitter swak en nietig vergelyk teenoor die Here.
- In die eindoordeel gaan hulle teruggeruk word in dit wat hulle is en nie dit wat hulle dink (hulle verbeel!) dat hulle is nie.

Die HERE het van die Ou Testament af al belowe dat Hy die wêreld gaan vry maak van son-de. Die eindoordeel wat nou aangekondig word, is juis daardie handeling wat voltrek word.

Die gesig van Jesaja, die seun van Amos, wat hy gesien het met betrekking tot Juda en Jerusalem, in die dae van Ussía, Jotam, Agas en Hiskía, die konings van Juda. Hoor, o hemele, en luister, o aarde, want die HERE spreek: Ek het kinders grootgemaak en verhoog, maar hulle het teen My oortree. (Jesaja 1:1, 2 AFR1953)

o Sion, verkondiger van goeie boodskap, klim op 'n hoë berg! o Jerusalem, verkondiger van goeie boodskap, hef jou stem op met mag; hef dit op, wees nie bevrees nie! Sê aan die stede van Juda: Hier is julle God! Kyk, die Here HERE sal kom as 'n Sterke, en sy arm sal heers; kyk, sy loon is by Hom, en sy beloning is voor sy aangesig. (Jesaja 40:9,10 AFR1953)

Want kyk, die dag kom, en dit brand soos 'n oond. Dan sal al die vermeteles en almal wat goddeloosheid bedrywe, 'n stoppel wees; en die dag wat kom, sal hulle aan die brand steek, sê die HERE van die leërskaare; sodat dit vir hulle geen wortel of tak sal oorlaat nie. Maar vir julle wat my Naam vrees, sal die son van geregtigheid opgaan, en daar sal genesing onder sy vleuels wees; en julle sal uittrek en huppel soos kalwers uit die stal. (Maleagi 4:1, 2 AFR1953)

Daar is selfs in die Nuwe Testament terugverwysings na profesieë uit die Ou Testament. Dit bevestig net van nuuts af die geldendheid van die Ou Testament se inhoud.

En Henog, die sewende van Adam af, het ook teen hulle geprofeteer en gesê: Kyk, die Here het gekom met sy heilige tien duisendtal, om gerig te hou oor almal en al die goddelose mense onder hulle te straf oor al hulle goddelose werke wat hulle goddelooslik gedoen het, en oor al die harde woorde wat die goddelose sondaars teen Hom gespreek het. (Judas 1:14, 15 AFR1953)

Suiwer Nuwe-Testamentiese profesieë oor die wederkoms is glad nie skaars nie. Hier is enkele (uit die 1953-vertaling):

Matteus 25:1: Dan sal die koninkryk van die hemele wees soos tien maagde wat hulle lampe geneem en uitgegaan het om die bruidegom te ontmoet.

1 Korintiërs 15:24-26: Daarna kom die einde, wanneer Hy die koninkryk aan God die Vader oorgee, as Hy alle heerskappy en alle gesag en mag vernietig het. Want Hy moet as koning heers totdat Hy al sy vyande onder sy voete gestel het. Die laaste vyand wat vernietig word, is die dood.

1 Tessalonisense 4:13-17: Maar, broeders, ek wil nie hê dat julle onkundig moet wees met betrekking tot die ontslapenes nie, sodat julle nie treur soos die ander wat geen hoop het nie. Want as ons glo dat Jesus gesterwe en opgestaan het, dan sal God ook so die wat in Jesus ontslaap het, saam met Hom bring. Want dit sê ons vir julle deur die woord van die Here, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Here, die ontslapenes hoegenaamd nie sal vóór wees nie. Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat

in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees.

1 Petrus 1:3-5: Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat na sy grote barmhartigheid ons die wedergeboorte geskenk het tot 'n lewende hoop deur die opstanding van Jesus Christus uit die dode, sodat ons 'n onverganklike en onbesmette en onverwelklike erfenis kan verkry, wat in die hemele bewaar is vir ons wat in die krag van God bewaar word deur die geloof tot die saligheid wat gereed is om geopenbaar te word in die laaste tyd.

Die engel se ewige evangelie is in Afrikaans: **boodskap van ewige blydskap** – vir die wat in die Here glo!

Die stem van die engel is simbolies. In die werklikheid word sy boodskap gehoor in elke huisbesoek, geloofsgesprek, preek, huisbesoek, huisgodsdiens, radio en TV (waar die evangelie reg en suiwer verkondig word, want die antichris gebruik ook al hierdie media!).

Vers 8

En 'n ander engel het gevolg en gesê: **Geval, geval het Babilon, die groot stad, omdat sy al die nasies laat drink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery.**

(Openbaring 14:8 AFR1953)

Die tema van die boek Openbaring is dat die Here kom!

- Die tema van die gelowige se lewe is ook dat die Here kom!
- Soveel te meer óns wat vlak voor die wederkoms lewe!
- Daar is groot spanning oor hierdie saak in die lug – geeneen kan die wederkomsspanning verbykyk nie!

Let op na die boodskap van die **tweede engel**: Die **eerste engel** het in die middel van die lug gevlieg en 'n ewige evangelie verkondig aan die bewoners van die aarde.

- Die engel se boodskap was van sodanige aard dat almal dit kon sien en verstaan.
- Die **tweede engel** het dit eintlik onderstreep toe hy gesê dat Babilon geval het.
- Die vesting wat God se kinders se bloed oor die aarde laat vloei het, is nou deur God omgekeer.

Die saak staan so vas in God se raad dat Hy die antichris gaan uitroei dat die tweede engel dit as 'n afgehandelde saak aankondig:

Geval, geval het Babilon, die groot stad,

Die merkwaardige is dat die Here eers in Openbaring 17 en 18 openbaar dat die vrou bestaan en wat sy doen en wat Hy met haar maak:

En hy het my in die gees weggevoer na 'n woestyn, en ek het 'n vrou sien sit op 'n skarlakenrooi dier, vol godslasterlike name, met sewe koppe en tien horings. En die vrou was bekleed met purper en skarlaken en versierd met goud en kosbare stene en pèrels, en sy het in haar hand 'n goue beker gehad, vol gruwels en die onreinheid van haar hoerery; (Openbaring 17:3, 4 AFR1953)

Dis duidelik dat daardie twee hoofstukke se inhoud dieselfde is as die enkele uitroep van die tweede engel (14:8). Daar (Openbaring 17 en 18) vul die Here net die openbaring in met meer inhoud:

En ná hierdie dinge het ek 'n engel sien neerdaal uit die hemel, met groot mag, en die aarde is verlig deur sy heerlijkheid. En hy het met 'n groot stem kragtig uitgeroep en gesê: Geval, geval het die groot Babilon, en dit het geword 'n woonplek van duiwels en 'n

versamelplek van allerhande onreine geeste en 'n versamelplek van allerhande onreine en haatlike voëls, omdat al die nasies gedrink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery, en die konings van die aarde met haar gehoereer het, en die handelaars van die aarde ryk geword het deur die mag van haar weelderigheid. (Openbaring 18:1-3 AFR1953)

Openbaring 14:8 openbaar vooruitlopend al hierdie mag en sy toekoms aan die gelowiges. Die Here openbaar aan ons die volgende:

- Hierdie hoer is inderdaad 'n antichristelike wêreldryk!
- Dit het 'n hoofstad in die wêreld.
- Die Here gee dit die naam Babel na aanleiding van 'n soortgelyke stad in die ou geskiedenis: Babel of Babilon.

Vergelyk hiervoor:

En kyk, daar kom 'n stoet manne, ruiters twee aan twee. Toe het hy aangehef en gesê: Geval, geval het Babel, en hulle het al die gesnede beelde van sy gode verbrysel teen die grond. (Jesaja 21:9 AFR1953)

Die koning van Babel het die gerug van hulle gehoor, en sy hande het slap geword; benoudheid het hom aangegryp, smart soos van een wat baar. (Jeremia 50:43 AFR1953)

Van die tyding: Babel is ingeneem! bewe die aarde, en geskreeu word onder die nasies gehoor. (Jeremia 50:46 AFR1953)

Die sondes van die wêreldstad word simbolies genoem:

omdat sy al die nasies laat drink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery. (Openbaring 14:8b AFR1953)

- Babel/Babilon staan dus vir 'n stad met mag!
- Dis 'n stad wat met valse en bedwelmende verleidinge die mensdom van hulle diens aan God weggelei het.
- Hierdie mag het die mense van aanbidding af laat vervlak in diens aan dinge wat vir die mens genotvol is – soos dronkenskap en seks (hoerery!).

Die soort eer en genot wat in hierdie stad aangebied word, mis die eer en heerlijkheid van God heeltemal!

Wat die Here in hierdie engel se roep openbaar, is die volgende:

- Die eindtyd se mensdom gaan 'n verdwaasde en bedwelmdede geslag van mense wees.
- Hulle sal mense wees sonder onderskeidingsvermoë – 'n dronk mens het nie onderskeidingsvermoë nie, al dink hy so omdat hy deur wingerdwyshheid gevul is!
- Hulle gaan mense sonder waaksaamheid wees en terselfdertyd omgee vir niks – soos eie is aan seksbelustheid!

In ons tyd preek elke kerk en elke sekte dat die koms van die Here naby is. Voor die deur! Daardie besef is duidelik en vas by almal!

- Kyk daarteenoor na die wêreld en ons sien die spanning by die satan.
- Hy wat besef dat sy tydjie kort raak, werk met koorsagtige haas.
- Die ongeloof en sy kwade werking teenoor God verdubbel byna oornag.
- Ons sien hierin hoe waar Petrus se woorde is dat die satan in die laaste tyd nog wil verskeur en verbreek wat hy kan!

Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, en soek wie hy kan verslind. (1 Petrus 5:8 AFR1953)

Daarom begin God in sy gerig juis op hierdie punt: *By die hoer Babilon*.

- Dis hier waar die kwaad gevestig is en waarvandaan dit die mensdom onder sy regering kry en hou!
- Hierdie oordeel staan so vas en beslis dat hierdie tweede engel die val in onbetwisbare terme aankondig!

Vers 9-11

En 'n derde engel het hulle gevolg en met 'n groot stem gesê: As iemand die dier en sy beeld aanbid en 'n merk op sy voorhoof of op sy hand ontvang, sal hy self ook drink van die wyn van die grimmigheid van God wat ongemeng ingeskink is in die beker van sy toorn, en hy sal gepynig word met vuur en swawel voor die heilige engele en voor die Lam. En die rook van hulle pyniging gaan op tot in alle ewigheid, en hulle het dag en nag geen rus nie hulle wat die dier en sy beeld aanbid, en elkeen wat die merk van sy naam ontvang.

(Openbaring 14:9-11 AFR1953)

Die derde engel kry sy beurt:

Die derde engel dui die mense aan wat saam met die satan se stad verdelg gaan word.

- Dis die mense wat die dier aanbid,
- of dié wat sy merk op hulle hand of voorhoof ontvang het!
- Sulke mense gaan drink van die wyn van God se grimmigheid wat ongemeng ingeskink is!

Die Bybel gebruik hier 'n beeld.

- Ongemengde wyn was sterk wyn wat nie met water gemeng was nie.
- Hulle het sterk wyn met water gemeng sodat dit hulle nie so gou dronk gemaak het nie.

Hier is dit simbool van God se woede.

...die wyn van die grimmigheid van God wat ongemeng ingeskink is...

- Daar gaan vir sulke mense niks wees wat die toorn van God gaan versag nie.
- Hulle gaan die volle toorn van God ontmoet omdat hulle Hom nie aanbid het nie, en afgodery – of geen god – aanbid het.

Hier is nog iets van belang uit hierdie engel se woorde.

- Die oordeel van God gaan nie sommer die hele wêreld tref soos 'n wind wat daaroor waai nie! Nee, dis individueel.
- Elke mens gaan in 'n stadium alleen voor die Here staan – persoonlik tot verantwoording geroep word.

Die engel se woorde bou 'n klimaks wat aantoon hoe verskriklik die oordeel vir sulke mense gaan wees:

- **...en hy sal gepynig word met vuur en swawel**
 - **voor die heilige engele en**
 - **voor die Lam.**
- **En die rook van hulle pyniging gaan op tot in alle ewigheid,**
- **en hulle het geen dag rus nie – hulle wat die dier en sy beeld aanbid, en elkeen wat die merk van sy naam ontvang.**

Wyn sonder water. Die oordeel is gewis!

Hier is tog iets baie belangriks in hierdie aankondiging! Die antichristelike magte gaan gepynig word

- **voor die heilige engele en**
- **voor die Lam.**

Waarom? Die antwoord is redelik voor die hand liggend!

- Die begin en die einde se dinge kom bymekaar!
- Die herskepping is ook die herstel van die gevalle skepping!

Daarom kan dit nie anders nie: Die dinge wat die skepping van die hemel en die aarde geskend het, moet gestraf word!

- Dit beteken dat die duiwel se opstokery onder die engele nou op die tapyt kom.
- Wie weet hoeveel die engele wat heilig gebly het gely het en hoeveel hulle moes verduur om nie agter die duiwel aan te gaan nie?!
- Daarom word die duiwel en sy magte voor hulle gestraf! Daar word aan hulle reg voldoen.
- Terselfdertyd kry hulle die geleentheid om te kan sien waarop die duiwel se opstand uitloop!

Dit was dus die moeite werd om heilig te bly.

- Daarom is hulle toeskouers van hoe elkeen wat die merk van die dier het (al die magte van die duiwel met hom aan die voorpunt!) **gepynig word met vuur en swawel...**

Dan ook die opmerking: **voor die Lam.** Dis om twee redes:

Die eerste is dat die Lam die aanvoerder is van die engelemagte. Onthou dat sy Ou-Testamentiese openbaringsgestalte die Engel van die Here is! Ons weet van die Engel van die Here:

- dat Hy ongeskape is – net God is ongeskape. Hy is dus God.
- Die Engel van die Here is die Hoof van die engelemagte.

Toe die duiwel in opstand gekom het, was sy opstand en sy ongehoorsaamheid en sy verraad dus veral teen die Engel van die Here – die Lam.

- Daarom word Hy nou **gepynig met vuur en swawel ... en voor die Lam.**
- Die Satan word gepynig voor die Een teen wie hy ongehoorsaam was en wie hy verraai het!
- Die Here het waarskynlik destyds duidelik aan die satan geopenbaar dat dit sy einde gaan wees – wat hy toe nie wou glo nie.
- Nou is dit presies waar hy is!

Die betekenis vir ons wat nou lewe:

- Die engel vermaan ons om nie hierdie teken van die bees te ontvang nie.
- Hy vertel watter verskriklike en onvermydelike straf daarop gaan volg.

Die gerig tref almal wat met die groot hoer Babilon bande het – nie een kan wegkruip nie!

Die beeld van 'n beker met drank wat die oordeel van God uitbeeld, kom meermale in die Skrif voor. Vergelyk die volgende gedeeltes:

Want in die hand van die HERE is 'n beker, en die wyn skuim; dit is oorvloedig gemeng, en Hy skink daaruit; ja, die afsaksel daarvan moet al die goddelose van die aarde opslurp, uitdrink. (Psalm 75:9 AFR1953)

Ontwaak, ontwaak, staan op, Jerusalem, jy wat uit die hand van die HERE die beker van sy grimmigheid gedrink het; die kelk van bedwelming het jy uitgedrink, uitgesuig. (Jesaja 51:17 AFR1953)

So sê jou Here, die HERE, en jou God wat die saak van sy volk verdedig: Kyk, Ek neem die beker van bedwelmings uit jou hand, die kelk van my grimmigheid; jy sal dit verder nie meer drink nie. (Jesaja 51:22 AFR1953)

Want so het die HERE, die God van Israel, vir my gesê: Neem hierdie beker van die wyn van grimmigheid uit my hand en gee dit om te drink aan al die nasies na wie Ek jou stuur, (Jeremia 25:15 AFR1953)

Jy het jou versadig met skande in plaas van met eer -- drink jy ook nou, en wees ontbloot. Na jou toe sal die beker van die regterhand van die HERE omgaan, en skande tref jou eer. (Habakuk 2:16 AFR1953)

Kyk, Ek maak Jerusalem vir al die volke rondom tot 'n beker van bedwelmings, en ook teen Juda sal dit wees tydens die beleëring teen Jerusalem. (Sagaria 12:2 AFR1953)

En die groot stad is in drie dele verdeel, en die stede van die nasies het geval. En die groot Babilon is in gedagtenis gebring voor God, om haar te gee die beker met die wyn van die grimmigheid van sy toorn. (Openbaring 16:19 AFR1953)

En die vrou was bekleed met purper en skarlaken en versierd met goud en kosbare stene en pêrels, en sy het in haar hand 'n goue beker gehad, vol gruwels en die onreinheid van haar hoerery; (Openbaring 17:4 AFR1953)

Vergeld haar soos sy ook julle vergeld het, en verdubbel dit vir haar volgens haar werke. Skink vir haar dubbel in die beker waarin sy geskink het. (Openbaring 18:6 AFR1953)

Die straf wat in die beker van grimmigheid uitgebeeld word, word beskryf as brand met vuur en swael.

- Die vuur gee pyn – die straf/hel is dus 'n plek van pyn.
- Die swael verstik en maak dat jy asemnood het en benoud is – dit teken die angs wat in die hel is.
- Dit is 'n swaar straf wat by niemand enige deernis wakker maak nie – hulle is daar omdat hulle dit verdien!

Daardie straf is tydloos en gaan nooit verby nie. Dit duur tot in ewigheid!

En die rook van hulle pyniging gaan op tot in alle ewigheid, en hulle het dag en nag geen rus nie (Openbaring 14:11 AFR1953)

Vers 12

Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die geboorte van God en die geloof in Jesus bewaar. (Openbaring 14:12 AFR1953)

Nadat die drie engele hulle boodskappe verkondig het, volg daar nou 'n troosboodskap deur Johannes!

Dit sal 'n baie bang en veeleisende tyd onder die antichris wees. Dis 'n tyd waarin daar veral twee dinge van die ware gelowiges gevra gaan word:

- Die eerste een is die gawe van onderskeiding – **om te weet wat vir God reg en verkeerd is!**
- Die tweede is die vermoë om te volhard in die suiwer geloof en in God se waarheid!

Prakties beteken dit die volgende:

- Die ware gelowiges moet die geboorte van die Here nakom in hierdie tyd waarin alle waarhede deurstreep word.
 - Dit gaan bitter moeilik wees, want die sigbare en die onsigbare magte gaan dit teëwerk met alle mag – met ander woorde sosiale strukture, wetgewing, valse wetenskap en wat nog alles gaan geloof in die Here Jesus verbied.
- Die geloof in die Here Jesus Christus mag nie laat vaar of verbuig word nie.

- In die moderne tyd is daar baie en sterk charismatiese geloofsbewegings aan die gang wat die geloof in die Here Jesus verbuig.
 - Almal van hulle werk met die Bybel in die hand en almal gee voor dat hulle in die Here Jesus roem, maar almal van hulle stel die mens, sy vermoëns, sy voorkeure en sy mag (sogenaamd in die Here Jesus) op die voorgrond.
 - Tipies van hierdie gelowe is die herdoop van sulke bekeerlinge. Hierdie herdoop neem die verbondsinisiatief van God af weg en verplaas dit na die dopeling toe (sonde teen die Heilige Gees?).

Dink hierby aan dinge wat die Here reeds aan Johannes geopenbaar het, soos:

En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die gebooi van God bewaar en die getuie van Jesus Christus hou. (Openbaring 12:17 AFR1953)

en

Ek ken jou werke en die plek waar jy woon, waar die troon van die Satan is. En jy hou vas aan my Naam en het die geloof in My nie verloën nie, selfs in die dae waarin Antipas my getroue getuie was, wat gedood is by julle waar die Satan woon. (Openbaring 2:13 AFR1953)

Uit die bogenoemde openbaring (aanhalings) is dit duidelik dat die ware gelowiges 'n suiwer lewensband met die Here het en dat hulle deur die Heilige Gees beheers word.

- Daarom bevestig Johannes dat daar genade is vir die wat lydsaam is.
- Daar is steeds die mense wat selfs onder die heel moeilikste omstandighede nog die gebooi van die Here sal kan bewaar.
- Want as hierdie verskriklike tyd vir die aanbidders van die dier begin, begin die lydsame gelowiges se tyd van lieflikheid by God.

Vers 13

En ek het 'n stem uit die hemel aan my hoor sê: Skryf salig is van nou af die dode wat in die Here sterwe. Ja, sê die Gees, sodat hulle kan rus van hul arbeid, en hulle werke volg met hulle. (Openbaring 14:13 AFR1953)

Dis nog 'n troosaankondiging.

- Hierdie troosaankondiging ontken nie dat gelowiges gemartel en doodgemaak gaan word nie!
- Dit moedig ons net aan om nie die dood te vrees nie!

Die dood kry 'n nuwe betekenis en 'n nuwe inhoud:

- Die dood trek 'n streep waar die mishandeling en die bedreiging en vrees nie kan verbygaan nie.
- As ons hier op die aarde sterf, begin die werklike lewe eers.
- Daardie lewe laat ons dadelik toetree in die ewige saligheid in.

Dis vir die Here belangrik dat alle gelowiges wat tot met die wederkoms op die aarde sal wees, hierdie besef moet hê.

Met dié openbaring boodskap God self baie sterk aan die kerk:

- **Salig is van nou af die dode wat in die Here sterwe.**
- **Ja, sê die Gees, sodat hulle kan rus van hul arbeid, en hulle werke volg met hulle.**

Op hierdie punt verskil Skrifverklaarders:

- Die een groep beweer dat dit 'n engel ('n gees) was wat die boodskap vir Johannes kom gee het.

- 'n Tweede groep beweer dat dit God self is wat deur God die Heilige Gees hierdie aankondiging maak.

Wat is die verskil of God dit self aankondig en of Hy dit deur 'n engel laat aankondig? Daar is geen verskil nie. God openbaar dit wat Hy as noodsaaklik sien vir die gelowiges om te kan volhard in die ware geloof.

Die inhoud van die aankondiging is dat ons deur die Here aan Hom vasgemaak is.

salig is ... die dode wat in die Here sterwe

- Dit maak nie saak hoe mense doodgaan nie – sterf aan siekte, oorlog, of marteling is alles onbelangrik.
- Wat belangrik is dat almal wat sterf by die Here is.

... in die Here sterwe

Die woorde beteken: sterf terwyl hulle in die Here glo.

Dink byvoorbeeld aan Paulus se woorde:

Want ek word van weerskante gedring: ek het verlange om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste; (Filippense 1:23 AFR1953)

Alle mense het nie hierdie vrede om te kan sterf nie. Dink aan die doodsangs wat Hiskia deurgemaak het:

Geskryf van Hiskía, die koning van Juda, toe hy siek was en van sy siekte gesond geword het. Ek het gesê: In die bloei van my dae moet ek heengaan in die poorte van die doderyk; ek word beroof van my orige jare. Ek het gesê: Ek sal die HERE nie sien nie, die HERE, in die land van die lewendes; ek sal die mense nie meer aanskou onder die inwoners van die wêreld nie. My woning is opgebreek en van my af weggevoer soos 'n herderstent; ek het my lewe opgerol soos 'n wewer sy weefsel; Hy sny my van die wewersbalk af; van dag tot nag gee U my prys. Bring ek myself tot bedaring tot die môre – soos 'n leeu só verbreek Hy al my beendere; van dag tot nag gee U my prys. Soos 'n swaweltjie of kraanvoël, so het ek gepiep; ek het gekir soos 'n duif; my oë het dof gekyk na bo: HERE, ek is benoud, wees U my Borg! (Jesaja 38:9--14 AFR1953)

Die woorde **van nou af...** is nogal verwarrend.

Die woorde hoort as 'n eenheid by **sterf**.

- Die bedoeling is dat die lewende en opgestane Here Jesus Christus nou in die hemel is.
- Daar wag Hy sy aanbidders in en neem hulle in sy heerlijkheid op.

Die bedoeling is dat die graf nie meer die donker verstikkende plek is nie.

- Nou het die ewige lig van die Here Jesus oor die dood en oor die wat nou sterf opgegaan.
- Die gelowiges wat in die ou bedeling gesterf het, het nog nie hierdie openbaring van opname in God se heerlijkheid gehad nie!

Die betekenis is dat die wat nou sterf, terstond in God se heerlijkheid ingaan. (Vergelyk Hiskia se gebed!)

Ja, sê die Gees, sodat hulle kan rus van hul arbeid, en hulle werke volg met hulle.

- Die Heilige Gees (God self!) verduidelik dat die gelowiges dan meteens van alle lewensmoeite ontslae is!

- Hulle kan dan rus – met ander woorde hulle bestaan by God geniet.
- Hulle kry dan die genadeloon vir hulle stryd om tydens hulle aardse lewe in die geloof te kon volhard.
- Hulle kry ook die genadeloon omdat hulle gely het en die Here nooit vergeet het nie.

Die Here vergeet die gelowiges en hulle werke ook nooit – daarom sterf hulle nou in Hom. Hy neem hulle op in sy heerlikheid.

Dit is die moeite werd om met trou en inspanning te volhard in die geloof en goeie werke!

Inleiding tot vers 14-20

Op die voorafgaande troosgedeelte volg vers 14-20.

Die einde het gekom! Daar moet twee oeste ingesamel word – die graanoes en die wynoes.

- Die graanoes word ingesamel in die hemelse skure.
 - Dis die genade dat die uitverkorenes in die hemel by God opgeneem word.
- Daarna die wynoes – dis die oordeel van God.
 - Die wynoes word in die parskuip gegooi en daar stukkend getrap, sodat die bloed van die mense wat vertrap word, vloei tot so hoog soos die tooms in die perde se bekke.

Die tweesoortige einde van die mense word hier aangedui: Die Here openbaar twee *skure* – elke oes het sy eie *skuur*! Elke skuur of bergplek is vir 'n ander groep skepsele.

- Die regverdiges word soos koring geoes en met versigtigheid in God se skuur weggepak.
- Die onregverdiges word onversigtig geoes en in die parskuip gegooi. Die parskuip is die skuur waar die ongelowiges vir ewig gebêre word. Dis die toorn en straf van God wat nooit verbygaan nie.

Die oordeel van die Here is in hoofstuk 14 reeds twee keer duidelik aangekondig:

Vers 7: **Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van sy oordeel het gekom;**

Vers 10: **... sal hy self ook drink van die wyn van die grimmigheid van God wat ongemeng ingeskink is in die beker van sy toorn, en hy sal gepynig word met vuur en swawel ...**

Nou is die oordeel hier. Elke faset daarvan word uitgestippel.

- Die mense word in twee groepe verdeel en elke groep word in sy regte bestemming besorg.
- Die twee groepe het nie weer omgang en kontak met mekaar soos wat hulle hier op die aarde geken het nie.

Vers 14

En ek het gesien, en kyk, daar was 'n wit wolk en een soos 'n Menseseun wat op die wolk sit, met 'n goue kroon op sy hoof en in sy hand 'n skerp sekel. (Openbaring 14:14 AFR1953)

Ons is tog die uitverkorenes vir wie Christus gesterf het. Ons wil weet hoe die graanoes met ons gaan gebeur as die Here kom!

Johannes het die Seun van die mens op 'n wit wolk sien sit.

- Die koms van die Here Jesus op die wolke is al vantevore geopenbaar:
Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deursteeke het; en al die geslagte van die aarde sal oor Hom rou bedryf; ja, amen!
 (Openbaring 1:7 AFR1953)
- Die Menseseun wat op die wolk sit, is die Here Jesus Christus wat gereed is om te kom oordeel!

en tussen die sewe kandelaars Een soos die Seun van die mens met 'n kleeed aan wat tot op die voete hang, en gegord om die bors met 'n goue gordel.
(Openbaring 1:13 AFR1953)

- Tog is daar geen sprake van die wreedheid of van die felheid van iemand wat oordeel by Hom te sien nie.

Hy het 'n goue kroon op sy hoof.

- Hy kom as 'n koning wat oorwin het.
- 'n Oorwinnaar in heerlikheid.

En Christus sit daar met 'n sekel in sy hand. Hy wag dat sy Vader die bevel gee dat die uur gekom het om te begin met die oes.

... soos 'n Menseseun ...

Vergelyk hierby die volgende gedeelte uit ons geloofsleer*:

Die leer van Christus

1. *Die persoon van die Middelaar*
 - 1.1 *Ons Middelaar is Jesus Christus – Johannes 1:14.*
 - 1.2 *Hy word die Seun van die mens en Seun van God genoem – Daniel 7:13.*
 - 1.3 *Hy word God se eniggebore Seun genoem, omdat Hy die ewige natuurlike Seun van God is: Hy is as 'n natuurlike mens gebore.*
 - 1.4 *Jesus word deur die werk van die Heilige Gees 'n mens. Ons weet nie hoe nie. Dis 'n Goddelike misterie.*
 - 1.5 *Jesus is waaragtig God en waaragtig mens. Hy is God uit God. Hy het twee nature: 'n Goddelike natuur en 'n menslike natuur. Jesus se Goddelike natuur kry Hy van God die Vader deur die werking van die Heilige Gees.*
 - 1.6 *Die menslike natuur van Christus kry Hy deur die ontvangenis en geboorte uit Maria. Maria het nie moeder geword langs die weg van huweliksomgang nie. Deur Maria het Jesus presies dieselfde natuur as ons.*
 - 1.7 *Jesus en die Vader is van die begin af Een – Johannes 1. Jesus was dus van die begin af daarvan bewus dat Hy God is – Lukas 2:49. Hy het nie eers later, byvoorbeeld by sy doop, daarvan bewus geword nie. By sy doop ontvang Hy slegs die seël van sy roeping.*
 - 1.8 *Elke keer wanneer Jesus die term Seun van die mens gebruik, praat Hy van sy lyde.*
 - 1.9 *Die term Seun van God word elke keer gebruik om Jesus se oorwinning oor die dood en die duiwel aan te dui. Dit teken Jesus in sy Goddelikheid. Dit is ook wat dit beteken as Petrus teenoor Jesus bely: "U is die Seun van die lewende God" – Matteus 16:18.*
 - 1.10 *Die vleeswording van Jesus is 'n daad van goedheid, nie van vernedering nie. Die Here sê self in Genesis dat Hy die mens goed geskape het. Die vernedering bestaan wel daarin dat Jesus tussen sondaars en die gevolge van hulle sondes lewe.*
 - 1.11 *Die Middelaar moes aan die volgende vereistes voldoen om waarlik Verlosser te kon wees:*
 - *Hy moes waaragtig mens wees, want dis mense wat sondig – HK, vr. 14a.*
 - *Hy moes 'n regverdige mens wees, sodat Hy nie nodig gehad het om vir sy eie sondes straf te ondergaan nie – HK, vr. 13, 14, 16b.*
 - *Hy moes God en mens wees in een persoon, anders sou Hy nie God se straf oor die mense se sondes kon dra nie – HK, vr. 15.*

* Ek glo en bely deur dr Thinus du Plessis

Vers 15

En 'n ander engel het uit die tempel gekom en met 'n groot stem geroep na Hom wat op die wolk sit: Slaan u sekel in en maai, want die uur het vir U gekom om te maai, omdat die oes van die aarde oorryp geword het.

Dan kom daar 'n boodskapper uit die tempel.

- Dis 'n engel wat die berig bring dat Christus kan begin om die oes in te samel, want die oes van die aarde is reeds oorryp!
- Die feit dat die engel die Here Jesus kom aansê om te oes, beteken nie dat hy hoër is as die Here Jesus nie – en ook nie dat hy meer gesag het nie.
 - Hy doen net sy werk. God stuur hom en hy gehoorsaam en gaan gee die boodskap.
 - Hy is bloot boodskapper wat die wete deurgee van die troon af dat die Here Jesus die oordeel moet begin!

Hoe kry die engel dit reg om tussen twee persone van God (die Vader op die troon en die Seun op die wolk) heen en weer te beweeg?

- Dit kan maklik gebeur, omdat God God is.
- Hy kan dinge doen wat nie vir 'n mens moontlik is nie.
 - Hy was steeds God die ewige en almagtige op sy troon terwyl Hy aan die kruis gesterf het.
 - Terselfdertyd was Hy ook in die Gees alomteenwoordig oor die hele aarde en deur die hele skepping.

Almal op die aarde is bewus van die oomblik van die eindoordeel – want die engel kondig dit luidkeels (met 'n groot stem) aan.

- Die gelowiges in die gemeentes is reg en voltallig om by God geneem te word!
- En net so is die ongelowiges ook gereed om veroordeel te word!

Die gereedheid van die kerk word uit die beeld duidelik:

- Die kerk het gegroei tot wasdom:
Slaan u sekel in en maai, want die uur het vir U gekom om te maai, omdat die oes van die aarde oorryp geword het.
- Net so het die sondige mensdom ook gegroei tot hulle volle sondige potensiaal en by die punt van enige bekering en gehoorsaamheid verby!

Die einde kom wanneer letterlik alles ryp (oorryp – die Here se genade was baie lankmoedig!) geword het.

Slaan u sekel in ... omdat die oes van die aarde oorryp geword het.

***Vraag:** Sien die gelowiges dan ook die Here Jesus as die Regter op die wolke – of sien net die engele Hom? In watter stadium sien die mense op die aarde die Here wat kom op die wolke?*

Wat hier belangrik is, is dat die Here self bly by die orde wat Hy neerlê!

... want die uur het vir U gekom om te maai ...

- Die oes begin nie 'n oomblik te vroeg of 'n oomblik te laat nie.
- Dit begin op presies die vasgestelde oomblik!

Vers 16

En Hy wat op die wolk sit, het sy sekel oor die aarde laat gaan, en die aarde is afgemaai.

Daar is geen verdere rede vir die wêreldgeskiedenis om voort te gaan nie!

- Die Here Jesus laat daarom sy sekel oor die aarde gaan!
- Maar Hy samel nie alles op die aarde in nie – Hy samel net die graan in!
- Hy gerf die gelowiges in sy hande saam en sny die gerwe los van die aarde af.
- So word elke gerf in die koninkryk van sy Vader versamel.

Dis hoe die Here met ons gaan werk. Ons wat in ons lewe soos graan was wat vir God ryp geword het.

Vers17

En 'n ander engel het uitgekom uit die tempel wat in die hemel is, en hy het ook 'n skerp sekel gehad; (Openbaring 14:17 AFR1953)

Daar kom 'n engel uit die hemel.

- Hy is nie 'n boodskapper soos die ander een wat van die troon af aangevlieg gekom het nie – hy is 'n werker.
- Hy het net soos die Here Jesus 'n skerp sekel in sy hand. Hy gaan dus ook iets oes.

Die vraag is dadelik: Wat gaan hy oes?

- Die maklike deel van die antwoord is dat dit nie koring sal wees nie!
- Die koring is die simbool van die vrygekooptes deur die Here Jesus – Hyself het hulle klaar persoonlik kom versorg en weggeneem.

Vergelyk hiervoor Openbaring 11:11, 12:

En ná die drie en 'n halwe dag het 'n gees van die lewe uit God in hulle ingegaan, en hulle het op hul voete gaan staan, en 'n groot vrees het geval op die wat hulle aanskou het. En hulle het 'n groot stem uit die hemel vir hulle hoor sê: Kom op hierheen! En hulle het opgevaar na die hemel in die wolk, en hul vyande het hulle aanskou.
(Openbaring 11:11, 12 AFR1953)

Dieselfde lees ons ook in 1 Tessalonisense 4:16, 17:

Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees.
(1 Tessalonisense 4:16, 17 AFR1953)

Saamgevat: Op daardie tydstop is ons gelowiges is nie meer hier op die aarde nie.

- Ons is reeds deur die Here versorg.
- In daardie stadium kom die oordeel oor almal wat oorgebly het!

Die oordeel oor die ongelowiges word as 'n druiwe-oes uitgebeeld.

- Die Here het self nie veel erg aan die insameling van hierdie oes nie.
- Dis nie sy mense nie, daarom laat Hy dit oor in die hande van iemand anders – 'n engel met 'n sekel.

Die keuring van die mense is streng en persoonlik – die gelowiges mag nie een wegraak of agterbly nie.

- Daarom behartig die Here persoonlik daardie deel van die oes.
- Die gedeelte wat agterbly gee Hy aan die engel oor om in sy parskuip – die hel – te besorg.

Let daarop dat hierdie engel geweldige groot mag en vermoëns moet hê, want die antichris en sy magte kan hulle nie teen hom versit nie. Hy slaan hulle sonder teenstand met sy sekel af!

Vers 18

en 'n ander engel wat mag oor die vuur gehad het, het uit die altaar uitgekom en met 'n groot stem geroep na hom wat die skerp sekel het, en gesê: Slaan jou skerp sekel in en samel die

trosse van die wingerdstok van die aarde in, want sy duiwe het ryp geword.

(Openbaring 14:18 AFR1953)

Daar kom nog 'n engel aan.

- Hierdie een het mag oor die vuur – maar hy tree in dié gedeelte net as 'n boodskapper op!

Die feit dat die Here openbaar (Johannes weet dit!) dat hierdie besondere engel by die altaar werk en mag oor die vuur het, roep Openbaring 6:9-10 terug:

En toe Hy die vyfde seël oopgemaak het, sien ek onder die altaar die siele van die wat gedood is ter wille van die woord van God en die getuienis wat hulle gehad het. En hulle het met 'n groot stem uitgeroep en gesê: Hoe lank, o heilige en waaragtige Heerser, oordeel en wreek U nie ons bloed op die bewoners van die aarde nie? (Openbaring 6:9-10 AFR1953)

Veral dan ook Openbaring 8:3-5:

En 'n ander engel het gekom en met 'n goue wierookbak by die altaar gaan staan, en baie reukwerk is aan hom gegee, om dit met die gebede van al die heiliges op die goue altaar voor die troon te lê; en die rook van die reukwerk het met die gebede van die heiliges uit die hand van die engel opgegaan voor God. En die engel het die wierookbak geneem en dit met vuur van die altaar volgemaak en dit op die aarde gegooi; en daar het stemme gekom en donderslae en weerligte en aardbewing. (Openbaring 8:3-5 AFR1953)

Vraag: Is dit dalk dieselfde engel?

Die Engel wat mag het oor die vuur beveel die ander engel om met die oordeelsdaad te begin.

- Sy bevel is duidelik 'n wraakneem-opdrag: **Slaan jou skerp sekel in en samel die trosse van die wingerdstok van die aarde in.**
- Werk die twee engele uiteindelik saam? Die vraag is omdat die vuur (**engel wat mag oor die vuur gehad het**) tog 'n simbool van oordeel en van die hel is.

Vers 19

En die engel het sy sekel oor die aarde laat gaan en die wingerdstok van die aarde afgeoes en dit gegooi in die groot parskuip van die grimmigheid van God. (Openbaring 14:19 AFR1953)

Let fyn op na die beskrywing van wat gebeur:

- Die engel laat sy sekel oor die aarde gaan – nie deur die wingerd nie!
- Die hele wingerdstok word afgeslaan – nie net die trosse nie.
- Die beeld is dus: algehele vernietiging.

As die trosse afgeoes sou word, sou die wingerd volgende seisoen weer vol trosse hang.

- Die Here verwoes die hele duiweboom en sy hele toekoms!
- Daar groei nooit weer iets uit hierdie wingerdstok uit nie.

Die werklikheid is dus dat die Here met die eindoordeel die hele goddelose wêreld vir ewig vernietig.

- Dit kom sterk uit in die woorde: **gegooi in die groot parskuip van die grimmigheid van God.**
- Die vernietiging word sterk uitgedruk deur die woorde: **gegooi** en **grimmigheid**, en **getrap** en **bloed** (die laaste twee woorde in die volgende vers).
- So word die wrekende geregtigheid van God beskryf.

Vers 20

En die parskuip is buitekant die stad getrap, en bloed het uit die parskuip gekom tot aan die tooms van die perde, twee honderd myl ver. (Openbaring 14:20 AFR1953)

Hierdie wynkuip word buitekant die Nuwe Jerusalem getrap.

- Die goddeloses is nie deel van die heerlijkheid van God nie!
- Hulle deel van daardie oordeelsoomblik af nooit weer die gemeenskaplike grond met die uitverkorenes wat in die vriendelikheid van God staan nie.

Vergelyk hierby ook ander openbaringe van die Here:

Openbaring 20:8-10: ... en hy sal uitgaan om die nasies te verlei wat in die vier hoeke van die aarde is, die Gog en die Magog, om hulle te versamel vir die oorlog; en hulle getal is soos die sand van die see. En hulle het opgekom oor die breedte van die aarde en die laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel, en vuur het van God uit die hemel neergedaal en hulle verslind. En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier en die valse profeet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid. (Openbaring 20:8-10 AFR1953)

en

Openbaring 22:15: Maar buite is die honde en die towenaars en die hoereerders en die moordenaars en die afgodediensers en elkeen wat leuens liefhet en doen. (Openbaring 22:15 AFR1953)

Die dik stroom bloed wat uit die kuip uitvloei is verskriklik. Natuurlik is dit simbolies.

- Die stroom bloed vloei **sestienhonderd stadia**.
- Elke *stadios* (die Griekse woord) is 200 meter. Sestienhonderd stadia is dus $1\,600 \times 200 = 320\,000$ meter. In ons moderne afstand is dit dus 320 kilometer ver!
 - Die afstand is om simbolies die ellendes wat die mense in die hel (die parskuip van God se gerimmigheid) deurgaans te beskryf. Vir daardie jare was 'n perd die vinnigste vervoermiddel. Om met 'n perd 320 km af te lê om vir die geweldige stroom bloed te vlug (as dit moontlik was dat jy buite die parskuip kon wees!) is totaal onmoontlik.
 - Een Skrifverklaarder (wat hopelik meer van perde af weet as ek!) beweer dat dit 60 uur te perd sou neem om 320 km af te lê!
- Die verdere ellende is die dikte (diepte) van die stroom bloed.
 - Dit loop tot teen die tooms van die perde!
 - Die simboliese betekenis is dus dat die hele skepping verdrink in die ellende (bloed)!

Prof. S Greijdanus beweer dat hierdie simbool van die parskuip en die bloed twee gedagtes ontplooi:

- Die eerste een is dat die wêreldgeskiedenis gaan eindig met 'n geweldige oorlog. Hy beweer dat die feit dat daar na perde verwys word, juis die feit bevestig.
- Die tweede is dat die totale goddelose wêreld met die sondaars daarop vir ewig verpletter gaan word.

Die probleem wat daar is met die eerste gedagte, naamlik dat die wêreld in 'n bloedige oorlog tot niet sal gaan, is:

- Wie gaan teen wie veg? Want in daardie stadium het die Here die gelowiges/uitverkorenes reeds kom haal en in sy skure weggepak.
- Die oorloë is volgens hoofstuk 11 dan tog reeds afgehandel, want die bese magte vier dan die vreugde van hulle oorwinning! Hulle stuur dan vir mekaar geskenke daarvoor!?

Ek glo dat die enigste moontlike verwysing na sodanige oorlog die een is in Openbaring 20:7, 8:

En wanneer die duisend jaar voleindig is, sal die Satan uit sy gevangenis ontbind word; en hy sal uitgaan om die nasies te verlei wat in die vier hoeke van die aarde is, die Gog en die Magog, om hulle te versamel vir die oorlog; en hulle getal is soos die sand van die see.
(Openbaring 20:7, 8 AFR1953)